VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

29 MEI 2020
HERDERSBRIEF #26B

Geliefde gemeente,

Dit is met soveel vreugde en dankbaarheid, dat ek aan elkeen dink en vir elkeen bid.

Soos wat ons verwag het, is Kerk-byeenkomste gemagtig. Ons dank die Hemelse Vader, dat Hy ons gebed verhoor het en neem ek die vrymoedigheid om vir u te vra, dat ons fokus, die wederkoms van Christus sal wees. Daarom het ons die geloofsvertroue, dat hierdie tyd van inperking benut is, om onsself voor te berei vir die wederkoms. Ons emosies, gedagtes en dade moet getuig van die feit, dat Jesus Christus **ALLES** is. Ons is **GOD-BEWUS** en nie probleem-bewus nie. Daarom, is ons **KRAG-BEWUS**.

Hier volg ons praktiese reëlings, wat ons tree-vir-tree hanteer en wil ons graag vra, dat elke gemeentelid hierby betrokke sal wees. Omdat ons **GODSEIENDOM** is, wandel ons koöperatief in lig ten opsigte van ons besluitneming. Dit is die versoek wat ons as ouderlinge aan u rig.

Prakties beteken dit, dat ons slegs 24 mense in die Kapel kan akkommodeer – 1.5 meter in die Kapel ons plek sal inneem. Daar gaan dus twee dienste op 'n Sondag aangebied word – *10uur* die oggend en *15h00* die middag. Sal u so vriendelik wees, om die kantoor te laat weet, watter een van die twee dienste, u sal bywoon – nie later dan eerskomende Sondagaand. In genoemde terugvoering, vra ons watter een van die dienste, u wil bywoon.

Wees verseker dat ek elke dag vir u bid.

Dankie vir u samewerking.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335